Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

24 Julie 2026 Uitgawe: 1/3/2026

# UIT DIE KANTOOR

**Welkom:**

Vrydag, 24 Julie 2026, dag nr. 205 op ons kalender. Dit beteken ons is oor die helfte van die jaar met net 160 dae oor tot die nuwe jaar. Met hierdie bietjie "nuttelose" inligting, verwelkom ek al ons Tjokkie-leerders en hul ouers terug na die wintervakansie. Ek hoop dat elke leerder goed kon uitrus en uitsien na die nuwe kwartaal.

Tradisioneel is die 3de kwartaal ons hokkieseisoen met meer as die helfte van ons leerders wat daaraan deelneem. Die 3de kwartaal is ook ons kultuurkwartaal met heelwat optredes van die Pom-pom's, Revuegroep, kore en die Kunswedstryd vir ons musiekleerders. Verder hou Tjokkies se Musiekdepartement ook hul jaarlikse Musiekaand op 16 & 17 September. Daar is ook tennisliga, sewes rugby met ons eie toernooi van 7 & 8 Augustus en kriekettoernooie in die Septembervakansie.

So, dit gaan weer 'n propvol kwartaal wees. Ouers moet die weekblad dophou vir die weeklikse program.

**Akademie**:

**Kwartaalverslae:**
Die Grondslagfase leerders het reeds hul rapporte verlede kwartaal ontvang met die senior leerders wat hul rapporte vandag ontvang. Let asb. daarop dat die tweede kwartaal se punte 'n samestelling van assesserings en opdragte is asook die Junie-eksamen wat per sekere gewigte verwerk is.

**Oueraand:**

Die oueraand van hierdie kwartaal vind op 29 Julie plaas. Kontak asb. die kantoor om 'n tydgleuf by u kind se klas-/vakonderwyser te bespreek indien u behoefte het.

**Steuring tydens laaste periode:**

Die laaste periode van elke skooldag is soms vir die onderwysers 'n uitdaging, aangesien die konsentrasievlakke van die leerders nie meer 100% daar is nie en daar heelwat steuring is in terme van leerders wat oor die interkom uitgeroep word vir sport, ens. Daar is dan ook ouers wat voor die klasse saamdrom om te wag dat die skool moet uitkom.

Ons doen hiermee 'n vriendelike beroep op alle ouers om die volgende reëlings te respekteer om sodoende ons onderwysers die geleentheid te gee om hul werk te doen.:

**** Moet asseblief nie aan die einde van die dag (12:30 - 13:30) voor die klaskamers vir leerders wag nie. Dit ontwrig die onderrigproses en bemoeilik die afhandeling van die laaste lesperiode, veral as daar voorskoolse kinders op die stoepe rondhardloop.***

**** Moet asseblief nie ná skool die klaskamers binnegaan om onderwysers te spreek nie. Indien u met 'n onderwyser wil gesels, versoek ons dat u vooraf 'n afspraak maak sodat die nodige tyd en aandag aan u gegee kan word.***


**** Wanneer leerders moet aan- of uittrek, versoek ons dat die leerders se badkamers gebruik word. Die personeelbadkamers is uitsluitlik vir personeel en ouers se gebruik.***

Ons waardeer u samewerking en ondersteuning om 'n ordelike, rustige en doelgerigte leeromgewing vir al ons leerders te handhaaf.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 24 Jul.: | MMC Krieketproewe |
| 25 Jul.: | Eunice Hokkietoernooi |
| 26 Jul.: | Junior- & Seniorkoor optredes (Doxa Deo Fhp) |
| 27 Jul.: | Tennisliga (d) vs Brandfort |
| 28 Jul.: | Voortrekker Kommandobestuursvergadering |
| 29 Jul.: | Gr.1-7 Oueraand (Kontak die skool vir 'n afspraak) |
| | Tjok 1 Tennisliga (s) vs WP |
| 30 Jul.: | Hokkieliga vs Willem Postma tuis (slegs dogters) |
| | PBS Revuefees - Revuegroep |
| 31 Jul.: | Tjokkies Pre-Primêr – Tjoklympics |
| | Tjokkies Ondersteunersklub Gholfdag |

## VERJAARSDAE



Geen

# ANDER

**Personeelsake:**

Tjokkies verwelkom graag mev. Carina Botha as nuwe onderwyseres by die skool. Juf. Carina sal voortaan die Gr. 4 Engels hanteer en optree as Gr. 4 registeronderwyser. Sy is 'n ervare juffrou wat reeds 19 jaar skoolhou.

Die skool het ook 'n nuwe terreinbestuurder, mnr. Henk de Lange, aangestel. Hy is reeds hard aan die werk met verskeie projekte, onder andere die opgradering van die skool se dakke en sypaadjies.

Ons vertrou dat beide hierdie twee persone vinnig by die skool sal inskakel en deel sal raak van die Tjokkie-familie.

# MAMMAS WAT BID

**Gebed vir die derde kwartaal**

Numeri 6: 24-26

[24] *Die Here sal jou seën en jou behoed;*

Mag die Here se guns en teenwoordigheid jou en jou gesin bybly hierdie kwartaal.

Mag die Here jou beskerm en jou sekuriteit en veilige vesting wees.

[25] *die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees*

Mag God se ore attent wees op jou gebede en

mag God se onverdiende guns (genade) jou versterk in alle omstandighede.

[26] *die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee*

Mag vrede jou vooruitsig wees soos wat jy elke dag op God se voorsiening vertrou.

Amen

# KLEUTERSKOOL

Die kleuterskool adverteer 3 poste. Sien die advertensie hierby aangeheg.

# UIT DIE SPORTKANTOOR

As gevolg van die groot hoeveelheid leerders wat aan hokkie deelneem, raak die bestuur rakende die vervoer van leerders ‘n groot uitdaging.

Ons versoek vriendelik die volgende:

**1. Vervoer na wedstryde**

Waar moontlik sal die skool vervoer reël na wegwedstryde, maar indien u as ouer self u kind kan vervoer wil ons dit voorstel. Die skool moet heelwat finansiële kostes aangaan om addisionele busse te reël net om te sien dat ouers met hul eie voertuie agter die bus aanry. Hierdie busvervoer is uitsluitlik vir kinders wat nie ander vervoer het nie.

Belangrike riglyne:

- Vertrektye sal vooraf gekommunikeer word.
- Spelers wat weg speel mag **om 13:00 verdaag** vir wegwedstryde. **Ons versoek vriendelik dat leerders nie voor die tyd uitgeteken word nie.** Akademie by Tjokkies word steeds hoog op prys gestel.
- Afrigters gaan op die WhatsApp-groepe kommunikeer i.v.m. vervoer vir wegwedstryde.
- Indien ouers verkies om hul kind self te vervoer, moet dit vooraf met die spanbestuurder of afrigter gereël word.

**2. Wedstryddae**

Op wedstryddae word spelers versoek om:

- volledig geklee in die voorgeskrewe hokkiedrag aan te meld;
- vir die 2026-seisoen mag spelers vanaf Gr. 1 – 7 die Tjokkies-sweetpak aantrek op wedstryddae;
- hul hokkiestok, skeenbeskermers, mondskerm en waterbottel saam te bring;
- positief op te tree en goeie sportmangees te openbaar.
- Leerders wat met die busse ry, kan hul tasse in die skoolsaal plaas waar dit veilig gehou sal word. Na afloop van die wedstryde kan leerders hul tasse weer gaan haal.


Raai WAT?
Danni Dinocorn
· glo in jouself ·
Die nuwe Danni Dinocorn Groepprogramme vir Kwartaal 3 begin binnekort!
Sluit aan en:
leer hoe om angs en bekommernis te hanteer
groei in selfvertroue
oefen dapper stappe
doen dit saam ander maats
Alles in 'n veilige, ondersteunde groep-omgewing.
Ontwikkel en aangebied deur sielkundiges.
Wil jy meer weet?
Scan hier om in te registreer!
Groepe begin Vrydag 31 Julie 14H15 in Bfn.
SCAN MY
Kom ons ontwikkel braaf en selfversekerde kinders saam!
Wees Jy. Glo in Jouself. Saam met Danni Dinocorn.